Love God Greatly Afrikaans Joernaal

# Volkome Oorgawe

## *vir kinders*

God se hart vir kinders

*VOLKOME OORGAWE: GOD SE HART VIR KINDERS*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Volkome Oorgawe: God se hart vir kinders* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Kaart ontwerp met hulpbronne van rawpixel.com / Freepik.

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, https://joshuaproject.net/languages/ron, inligting verkry: November 2021.

# 'N WOORD AAN OUERS

Hierdie Bybelstudiegids is ontwerp sodat vroue God se Woord saam met hul kinders kan bestudeer. Hierdie studiegids is spesifiek ontwerp om saam met die *Volkome Oorgawe* studiegids gebruik te word.

Love God Greatly is toegewyd om God se Woord toeganklik te maak vir vroue en kinders reg oor die wêreld. Nou kan jy God se Woord deel met die kinders in jou lewe deur middel van hierdie studie wat uniek ontwerp is vir jong harte.

# WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

Hierdie gids word gevind op die eerste bladsy van elke week. Terwyl jy hierdie week die Bybel saam met jou kind lees, help hulle om die karakter van God en die weeklikse toepassing te verstaan. Jy kan hierdie aspekte gedurende die week met jou kind bespreek om hulle te help groei in hulle begrip van wie God is en wat dit beteken om vir Hom te leef.

# INHOUD


005 HANDLEIDING VIR OUERS
007 KEN HIERDIE WAARHEDE
009 HOOGTEPUNTE VAN DIE TAAL
010 INLEIDING
011 LEESPLAN
014 JOU DOELWITTE
015 WEEK 1
034 WEEK 2
054 WEEK 3
073 WEEK 4
093 WEEK 5
113 WEEK 6

# HOE OM GOEIE BYBELSTUDIEGEWOONTES VIR JOU KIND AAN TE LEER

## BID

Vra God om jou na die beste manier te lei om jou kind te nader oor Bybelstudie. Waarop sal jou kind die beste reageer op grond van wat hy of sy geniet?

### LEER HULLE OM TE BID

Gebed gaan oor ‘n verhouding met God, nie om die dinge te kry waarvoor ons vra nie. Help hulle om te verstaan dat gebed ‘n manier is om God te ken. Bid saam voordat julle met julle studie begin en as vrae tydens julle studie opkom. Nadat julle jul studie vir die dag voltooi het, vra God om julle te help om dít wat julle geleer het toe te pas. Laat jou kind met kort, eenvoudige gebede begin om die gewoonte aan te moedig.

## DOEN SAAM BYBELSTUDIE

Nooi jou kind om by jou aan te sluit en doen die studies saam. Maak dit ‘n spesiale tyd waarna jou kind kan uitsien, ‘n tyd van verbintenis met jou. Dit is ook verstaanbaar as julle nie altyd saam kan Bybelstudie doen nie.

### MOEDIG ONAFHANKLIKHEID AAN

Leer hulle hoe om die Bybelstudie op hulle eie te doen. Laat jou kind op sy of haar vlak deelneem. Dit sal hulle in staat stel om suksesvol op hul eie Bybelstudie te doen en hulle afhanklikheid van om altyd onderrig te word, verminder.

## BEVORDER GOEIE STUDIEGEWOONTES

Leer jou kind om na te dink oor wat hy of sy lees. Laat hulle vrae neerskryf en woorde onderstreep wat hulle nie verstaan nie. Leer hulle hoe om die antwoorde te vind deur ‘n volwassene te vra, dit in die Bybel of in ander hulpbronne op te soek, of om op ‘n betroubare webwerf met jou toesig te soek. Onthou, die antwoorde op vrae oor die Bybel word dikwels in die Bybel gevind. Help hulle om te ontdek hoe om hierdie antwoorde te vind.

### SKEP ‘N ROETINE

Besluit op ‘n vasgestelde tyd en spesifieke plek vir julle studie. Begin met realistiese verwagtinge, hetsy een keer per week, ‘n paar keer per week of elke dag. Moedig konsekwentheid en voltooiing aan, nie perfeksie nie.

### WEES ‘N VOORBEELD

Doen gereeld jou eie Bybelstudie en vertel vir jou kinders wat jy uit jou tyd saam met die Here leer. Praat met opgewondenheid oor jou eie Bybelstudie en wys vir hulle waarom dit belangrik is. Verduidelik aan hulle waarom jy besluit het om ‘ n spesifieke Bybelstudie te doen.

## PAS WAT JY GELEER HET TOE

Help jou kind om die waarhede wat hulle geleer het, met praktiese toepassing te verbind. Vra vrae, nie net oor die inhoud nie, maar hoe hulle anders kan optree op grond van wat hulle geleer het. Liedjies, kuns of handwerkaktiwiteite kan jou kind ook help om te onthou wat hulle geleer het.

## HOU DIT PRETTIG EN MOTIVEREND

Gebruik klein aansporings, soos plakkers of nuwe gekleurde potlode, om hulle betrokke en opgewonde te hou om die Bybel te bestudeer. Laat hulle met broers en susters, vriende of familielede deel wat hulle geskep of geleer het.

### WEES GEDULDIG

Volg 'n positiewe benadering, wetende dat sommige dae baie beter sal gaan as ander. Verwag 'n gemors, afleidings en selfs trane. Let op wat jou kind nodig het, en help hulle om aangespoor en betrokke te bly. Die doel is om hulle te leer van die God wat hulle liefhet en vir hulle gesterf het, nie vir ' n volmaakte Bybelstudietyd of 'n skoon kombuistafel nie.

**Lei en leer hulle in waarheid, en laat God hulle harte wen.**

## STUDIEWENKE VIR VERSKILLENDE OUDERDOMME:

### PRE-PRIMÊRE / VOORSKOOLSE FASE (4-6)

Beklemtoon 'n gedeelte van die SOAP-vers om op te fokus en 'n paar sleutelwoorde vir jou kleintjie om te kopieer. Laat jou kind hul gebed aan jou voordra terwyl jy dit neerskryf en bid dit dan saam.

### GRONDSLAGFASE (6-8)

As jou kind maklik ontmoedig word met skryf, moedig hom of haar aan om te teken wat hulle uit die verse geleer het en soveel besonderhede as moontlik in te voeg.

### PRIMÊRE FASE (8-10)

Moedig jou kind aan om die verse op te soek en dit onafhanklik te lees. Maak seker dat hulle weet hoe die Bybel uiteengesit is en hoe om boeke, hoofstukke en verse op te spoor. Oefen om die boeke van die Bybel te memoriseer.

### SEKONDÊRE / JONG TIENERFASE (10-12)

Laat jou kind toe om onafhanklik te werk, maar bly beskikbaar om vrae te beantwoord, te bespreek wat deur die week geleer is, en saam te bid.

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## GOD HET JOU LIEF

God het ons almal lief! Hy gee so baie om vir jou dat Hy sy eie Seun gestuur het om vir jou en my sondes te betaal, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe.

God se Woord sê: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16).

## ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD

Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Ons almal sondig. God het ons geskep om in 'n verhouding met Hom te leef, maar ons sonde skei ons van Hom.

Ons is almal sondaars van nature en uit eie keuse, en daarom is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie," (Romeine 3:23).

## JESUS HET GESTERF SODAT JY KAN LEWE

Ons weet dat wanneer ons nie na ons ouers of ander volwassenes luister nie, daar gevolge is. Ons mag dalk vir 'n ruk lank nie met ons gunsteling speelding kan speel nie, of nie by maatjies gaan kuier nie, of partykeer kan iemand seerkry as gevolg van ons ongehoorsaamheid.

Die ewige gevolg van ons sonde is die dood – vir altyd geskei van God. Maar God het 'n plan, Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om vir ons sondes te betaal toe Hy aan die kruis gesterf het. Omdat Hy 'n volmaakte (sondelose) lewe gelei het, was Hy alleen in staat om die straf vir die sondes van die hele wêreld te betaal. Dit is God se gawe van verlossing, en dit is beskikbaar vir elkeen van ons.

God se Woord sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Romeine 5:8).

## JESUS LEEF!

Drie dae nadat Jesus gekruisig is en sy liggaam in die graf neergelê is, het Hy weer opgestaan en sonde en die dood vir ewig oorwin. Vandag bly Hy by God in die hemel en is besig om 'n plek voor te berei in die ewigheid vir elkeen wat in Hom glo.

Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan

het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:2-3).

## WEET JY KAN VERGEWE WORD

Daar is niks wat jy kan doen om jouself te red nie, maar die Goeie Nuus van die evangelie is dat Jesus jou kan red, en Hy het! Jy hoef net te glo dat jy 'n sondaar is en dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Jy kan Hom vra om jou te vergewe en glo dat wat Hy vir jou aan die kruis gedoen het genoeg was om jou van die straf van sonde te red.

God se Woord sê: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. " (Romeine 10:9–10).

## AANVAAR CHRISTUS SE GAWE VAN VERLOSSING

Hoe kan jy die gawe van verlossing aanvaar? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,<br>
Ek besef dat ek 'n sondaar is. Ek wil die liefde en vergifnis wat U vir my het, met ope arms aanneem. Vergewe my asseblief. Ek glo dat U vir my sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. Ek gee my alles aan U oor en vra U om Here van my lewe te wees. Help my om die regte keuses te maak en U te volg. Leer my wat dit beteken om in vryheid te wandel terwyl ek onder U genade leef. Help my om te groei in u weë terwyl ek smag om U beter te leer ken.<br>
Amen.

## BLY IN KONTAK EN GROEI

As jy hierdie gebed (of iets soortgelyks in jou eie woorde) gebid het, deel die goeie nuus van jou redding met jou ouers of 'n ander volwassene sodat hulle saam met jou kan bly wees!

As jy nie klaar deel van 'n plaaslike gemeente is nie, moedig ons jou aan om deel te word! As jy hulp nodig het om 'n gemeente in jou area te vind, vra 'n ouer om jou te help om 'n e-pos aan ons te stuur by info@lovegodgreatly.com.

# HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## ROEMEENS

**HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL:**
24,326,000



# INLEIDING

Weet jy dat God 'n spesiale plan vir jou lewe het? Hy het! Selfs nou, soos jy groter word en meer van Hom leer, is Hy besig om in jou lewe te werk en jou voor te berei vir die wonderlike planne wat Hy vir jou het. In hierdie studie gaan ons lees van ons gunsteling kinders in die Bybel en sien hoe God hulle al van jongs af voorberei het vir hulle toekoms! Kinders soos Dawid, Moses, Miriam en Josia. God het in hulle lewens begin werk toe hulle nog kinders was, net soos jy!

In hierdie studie gaan jy leer hoe belangrik dit is dat God eerste in jou lewe moet kom. Deur die verhale wat ons gaan lees, gaan jy sien hoe God sy kinders beskerm, soos toe Moses 'n baba was. Deur hierdie verhale gaan jy leer om dapper te wees, al weet jy nie wat wag nie. Terwyl jy God se Woord lees, gaan jy sien hoe Hy elkeen van hierdie kinders voorberei het op sy planne vir hulle lewens. Party van hulle moes leer om God op rivieroewers te vertrou en ander op die lande.

Net soos hierdie kinders, is God besig om jou sterk te maak en help Hy jou kies om dapper te wees op die speelterrein, in die klaskamer of op die sportveld. Net soos Daniël en sy vriende, kan jy leer hoe om op te kom vir jou geloof en God net daar waar jy is te eer.

Wat julle deur hierdie studie gaan leer, is dat elke dag saak maak. Net soos die mense van wie jy gaan lees, is God aktief besig om in jou lewe te werk om jou vir jou toekoms voor te berei. Hierdie kinders is, net soos jy, deur God gekies het om deel te wees van sy plan. Is jy reg vir 'n wonderlike avontuur om elkeen van hierdie dapper kinders te ontmoet, van God te leer en te ontdek hoe om deur hulle voorbeelde vir Hom te leef?

Ek is so opgewonde om met hierdie nuwe studie te begin en ek kan nie wag om te sien hoe God net so kragtig in jou lewe gaan werk as in hulle s'n nie!

Hou jou oë op Jesus gefokus. God het groot planne vir jou lewe!

# LEESPLAN

## WEEK 1 – STEL GOD EERSTE

- ○ **Maandag — Jesus is Lief vir God se Woord**
  Lees: Psalm 119:105; Lukas 2:41–51
  SOAP: Psalm 119:105
- ○ **Dinsdag — Guns by God en Mense**
  Lees: Lukas 2:52
  SOAP: Lukas 2:52
- ○ **Woensdag — Die Seun met die Brode en Vis**
  Lees: Johannes 6:1–13; 2 Korintiërs 9:7
  SOAP: 2 Korintiërs 9:7
- ○ **Donderdag — Om Vrygewig te Wees vir God**
  Lees: Lukas 21:1–4; 1 Timoteus 6:17–19
  SOAP: 1 Timoteus 6:18
- ○ **Vrydag — Kom na Jesus**
  Lees: Matteus 19:13–15
  SOAP: Matteus 19:14

## WEEK 2 – VERTROU OP GOD SE BESKERMING EN PLAN

- ○ **Maandag — Miriam se Dapperheid**
  Lees: Eksodus 2:1–7; 1 Johannes 3:16
  SOAP: 1 Johannes 3:16
- ○ **Dinsdag — Gee Om Vir Ander**
  Lees: Filippense 2:1–5
  SOAP: Filippense 2:4
- ○ **Woensdag — God se Plan om Moses te Red**
  Lees: Eksodus 2:8–10; Jesaja 41:10
  SOAP: Jesaja 41:10
- ○ **Donderdag — God Beskerm Ons**
  Lees: Psalm 91
  SOAP: Psalm 91:4
- ○ **Vrydag — God Sien Jou Altyd**
  Lees: Psalm 139
  SOAP: Psalm 139:16

## WEEK 3 — GOD SE PERFEKTE TYDSBEREKENING

- ○ **Maandag — Dawid se Opleiding**
  Lees: 1 Samuel 17:34–37
  SOAP: 1 Samuel 17:37
- ○ **Dinsdag — Hou Moed**
  Lees: Josua 1:9; Psalm 31:25
  SOAP: Psalm 31:25
- ○ **Woensdag — Dawid Veg teen Goliat**
  Lees: 1 Samuel 17:38–51
  SOAP: 1 Samuel 17:45
- ○ **Donderdag — God Berei ons Voor**
  Lees: Psalm 27:14; Jesaja 40:31
  SOAP: Jesaja 40:31
- ○ **Vrydag — God se Werk in Jou**
  Lees: Filippense 1:6
  SOAP: Filippense 1:6

## WEEK 4 — STAAN OP VIR WAARHEID

- ○ **Maandag — Daniël se Geloof in God**
  Lees: Daniël 1:8–17
  SOAP: Daniël 1:8
- ○ **Dinsdag — Volg God se Weë**
  Lees: 2 Timoteus 2:22
  SOAP: 2 Timoteus 2:22
- ○ **Woensdag — Daniël se Vriende Staan vir Waarheid**
  Lees: Daniël 3:1–23
  SOAP: Daniël 3:17–18
- ○ **Donderdag — God Doen die Onmoontlike**
  Lees: Daniël 3:24–4:3
  SOAP: Daniël 4:3
- ○ **Vrydag — Staan Vas**
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:13

## WEEK 5 – OM ANDER TE BEÏNVLOED

- ○ **Maandag — God Praat met Samuel**
  Lees: 1 Samuel 3
  SOAP: 1 Samuel 3:10
- ○ **Dinsdag — Getrou met God se Gawes**
  Lees: Matteus 25:14–28
  SOAP: Matteus 25:23
- ○ **Woensdag — Naäman se Diensmeisie se Invloed**
  Lees: 2 Konings 5:1–14; Psalm 66:16
  SOAP: Psalm 66:16
- ○ **Donderdag — Deel jou Geloof**
  Lees: Psalm 71:16–17; Matteus 5:16
  SOAP: Matteus 5:16
- ○ **Vrydag — Gehoorsaam jou Ouers en God**
  Lees: Efesiërs 6:1–3
  SOAP: Efesiërs 6:1

## WEEK 6 – STEL 'N VOORBEELD

- ○ **Maandag — Josia se Leierskap**
  Lees: 2 Konings 22:1–2; 23:19–25
  SOAP: 2 Konings 22:2
- ○ **Dinsdag — Volg die Woord van God**
  Lees: Psalm 86:11; 2 Timoteus 3:16–17
  SOAP: 2 Timoteus 3:16
- ○ **Woensdag — Timoteus se Getrouheid**
  Lees: 1 Korintiërs 4:17; 2 Timoteus 1:3–8
  SOAP: 2 Timoteus 1:7
- ○ **Donderdag — Vertrou met Leierskap**
  Lees: 1 Timoteus 1:18–19; 2 Timoteus 2:1–2, 4:1–5
  SOAP: 2 Timoteus 4:5
- ○ **Vrydag — Spraak, Gedrag, Liefde, Getrouheid en Reinheid**
  Lees: 1 Timoteus 4:11–16
  SOAP: 1 Timoteus 4:12

# JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

# WEEK 1

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

1 Timoteus 6:18

**KARAKTER VAN GOD:**

God is ons goeie Vader

**HOOFBOODSKAP:**

Jesus was lief vir God se Woord en Hy het van God geleer toe Hy jonk was. Soos ons meer oor God leer, sal ons liefde vir Hom ook groei. Ons kan Jesus se voorbeeld volg deur Hom te gehoorsaam en vrygewig te wees met wat ons het.

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Jesus en die seuntjie met die brode en vissies

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Plaas God eerste in ons lewens.

## GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 1

# SPOOR HULLE AAN OM GOED TE DOEN, OM RYK TE WEES IN GOEIE DADE, VRYGEWIG EN MEDEDEELSAAM.

1 TIMOTEUS 6:18

# MAANDAG - WEEK 1

## LEES

**Psalm 119:105**

U woord is die lamp wat my die weg wys,
die lig op my pad.

**Lukas 2:41–51**

Jesus se ouers het elke jaar vir die paasfees Jerusalem toe gegaan. 42 Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruiklik daarheen gegaan vir die fees. 43 En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het. 44 Omdat hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. 45 Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom. 46 Na drie dae het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra. 47 Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde. 48 Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy moeder sê vir Hom: "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met angs na jou gesoek." 49 Maar Hy antwoord hulle: "Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?" 50 Hulle het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie. 51 Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig. Sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

# MAANDAG - WEEK 1

**Lees: Psalm 119:105; Lukas 2:41–51**

**SOAP: Psalm 119:105**

U woord is die lamp wat my die weg wys,
die lig op my pad.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Jesus is Lief vir God se Woord

Ons lees gereeld van baba Jesus wanneer dit Kersfees is of van sy bediening as 'n grootmens wanneer dit Paasfees is. Het jy al ooit aan Jesus gedink as 'n kind? In vandag se verse was Jesus 12 jaar oud, dalk net 'n paar jaar ouer as wat jy nou is. Hy het na 'n groot fees wat hulle by die tempel in Jerusalem bygewoon het agtergebly terwyl sy ouers die stad verlaat het, en sy ma en pa het nie agtergekom dat hy nie saam met hulle was nie. Almal wat Hom hoor praat het, al was hy net 12 jaar oud, was verbaas oor hoe goed Hy God se Woord verstaan het. Toe sy ouers Hom gekry het, het Jesus saam met hulle huis toe gegaan en hy was gehoorsaam aan hulle. Jesus se lewe wys ons hoe om God se Woord lief te hê en ons ouers te gehoorsaam. Kom ons volg sy voorbeeld vandag!

# DINSDAG - WEEK 1

## LEES

**Lukas 2:52**

En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

# DINSDAG - WEEK 1

**Lees: Lukas 2:52**

**SOAP: Lukas 2:52**

En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### Guns by God en Mense

My kleinsus wou altyd langer as ek wees; dit was haar mikpunt in die lewe. Ons wil almal groot en sterk wees, maar het jy al ooit daaraan gedink om in wysheid te groei? Wat beteken dit om in wysheid te groei? God se weë is nie ons weë nie. Die reëls in sy koninkryk is anders as die reëls van die wêreld. Hy sê vir ons as ons eerste wil wees, moet ons laaste wees. En as ons groot wil wees, moet ons ander dien. Selfs Jesus het in wysheid gegroei deur van God te leer, sy ouers gehoorsaam te wees en ander mense te help. God kan jou ook help om in wysheid te groei! Al wat jy hoef te doen is om Hom te vra om jou te help om sy weë te verstaan en vriendelik te wees teenoor ander mense terwyl jy vir sy koninkryk lewe!

# WOENSDAG - WEEK 1

## LEES

**Johannes 6:1–13**

Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea toe gegaan, wat ook die See van Tiberias genoem word. 2 'n Groot klomp mense het agter Hom aan gekom omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy aan die siekes gedoen het. 3 Jesus het toe teen die berg opgegaan en met sy dissipels daar gaan sit. 4 Die paasfees van die Jode was naby. 5 Toe Jesus rondkyk en sien dat 'n groot klomp mense na Hom toe aankom, sê Hy vir Filippus: "Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet?" 6 Dit het Hy net gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self goed geweet wat Hy gaan doen. 7 Filippus antwoord Hom toe: "Twee honderd mense se dagloon is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie." 8 'n Ander dissipel, Andreas, die broer van Simon Petrus, sê toe vir Hom: 9 "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense?"

10 Toe sê Jesus: "Laat die mense gaan sit." Daar was baie gras op daardie plek en die mense het gaan sit. Die mans alleen was omtrent vyf duisend. 11 Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê. 12 Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie. 13 Hulle het dit toe bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het.

**2 Korintiërs 9:7**

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

# WOENSDAG - WEEK 1

**Lees: Johannes 6:1–13; 2 Korintiërs 9:7**

**SOAP: 2 Korintiërs 9:7**

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Die Seun met Brode en Vis

Wonder jy ooit wat die seuntjie met die brode en vissies gedink het? Ek sou dalk bekommerd gewees het dat my ma kwaad sou wees as ek my middagete weggee! Maar Jesus het daardie seuntjie se gewilligheid om sy middagete te deel gebruik om vir baie mense te wys dat Hy God is! Hy het ook die seun se vriendelikheid gebruik om vir meer as 5 000 mense middagete te voorsien! Wat Jesus met een klein seuntjie se middagete gedoen het, was 'n wonderwerk. Jy mag dalk voel dat jy nie veel het om vir God te gee nie, maar God sien jou hart raak, en Hy hou daavan as jy vir ander mense gee, maak nie saak hoeveel nie. Hy hou daarvan as jy dit wat jy het met ander deel, of jy nou jou middagete, jou speelgoed of jou tyd deel om iemand in nood te help.

# DONDERDAG - WEEK 1

## LEES

**Lukas 21:1–4**

Jesus het rondgekyk en die rykes hulle gawes in die
offerkis sien gooi. 2 Hy sien toe ook 'n arm weduwee
twee klein muntstukkies daar ingooi, 3 en Hy sê: "Dit
verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer
ingegooi as al die ander. 4 Hulle het almal iets uit
hulle oorvloed in die offergawekis gegooi, maar sy
het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het
om van te lewe."

**1 Timoteus 6:17–19**

Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om
nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop
op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op
God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. 18
Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees
in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. 19 So
vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging
vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.

# DONDERDAG - WEEK 1

**Lees: Lukas 21:1–4; 1 Timoteus 6:17–19**

**SOAP: 1 Timoteus 6:18**

Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

Om Vrygewig te Wees vir God

Een reël in ons huis is: "Alles wat ons het, kom van God af, daarom deel ons ons speelgoed met ons broers en susters en met ander mense!" Partykeer vergeet iemand en wil nie deel nie. Maar al wat ons nodig het, is 'n eenvoudige herinnering, dat elke goeie en volmaakte geskenk, alles wat ons het, van God af kom. God wil hê ons moet deel. Partykeer wil ons ons kos, geld en speelgoed vir onsself hou. Maar vandag se vers herinner ons om goed te doen deur gereed te wees om te gee en gewillig om te deel. Kom ons bid dat God ons vrygewige mense sal maak, sodat ons 'n seën vir ander kan wees, by die huis en regoor die wêreld, deur aan hulle sy liefde te wys deur ons vrygewigheid.

# VRYDAG - WEEK 1

## LEES

**Matteus 19:13–15**

Die mense het kindertjies na Hom toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met hulle daaroor geraas. 14 Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." 15 Nadat Hy hulle die hande opgelê het, het Hy daarvandaan weggegaan.

# VRYDAG - WEEK 1

**Lees: Matteus 19:13–15**

**SOAP: Matteus 19:14**

Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Kom na Jesus

God is lief vir kinders. Die Bybel sê dat kinders 'n seëning van God, 'n beloning van Hom is. Is dit nie wonderlik dat jy God se geskenk aan jou ouers is nie? Jesus se dissipels het gedink Hy is te belangrik en te besig vir kinders. Maar Jesus wou vir hulle wys dat kinders ook vir Hom baie belangrik is. Kinders is baiemaal nederig, afhanklik, vertrou maklik en kry maklik seer. En dit is presies die soort mense wat God in sy koninkryk wil hê! Soos jy ouer word, onthou altyd dat God wil hê jy moet 'n nederige hart hê en Hom vertrou in alles wat jy doen. Jy kan altyd na Hom toe gaan, en jy sal altyd by Hom welkom wees!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

Wat sê 1 Timoteus 6:18 moet ons doen as volgelinge van Jesus? Wat is 'n voorbeeld van 'n goeie daad? Met wie kan jy vandag iets deel en wat sal jy met hulle deel?

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 2

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Jesaja 41:10

**KARAKTER VAN GOD:**

God is ons beskermer.

**HOOFBOODSKAP:**

God het sy oog oor alles in ons lewens. Hy beskerm ons en het altyd 'n plan om ons te red. Ons kan vertrou dat Hy ons sal help wanneer ons bang is.

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Mirjam and Moses

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Jy kan altyd vertrou op God se beskerming.

## GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

## WEEK 2

# MOENIE BANG WEES NIE, EK IS BY JOU, MOENIE BEKOMMERD WEES NIE, EK IS JOU GOD. EK VERSTERK JOU, EK HELP JOU, EK HOU JOU VAS, MET MY EIE HAND RED EK JOU.

JESAJA 41:10

# MAANDAG - WEEK 2

## LEES

**Eksodus 2:1–7**

'n Man uit die stam Levi was met 'n Levitiese meisie getroud. 2 Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek. 3 Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit. 4 Sy suster het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur.

5 'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal. 6 Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreeuse seuntjies.

7 Sy suster kom sê toe vir die farao se dogter: "Mag ek vir u 'n vrou gaan roep, 'n Hebreeuse vrou met 'n pasgebore baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink?"

**1 Johannes 3:16**

Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers  af te lê.

# MAANDAG - WEEK 2

**Lees: Eksodus 2:1–7; 1 Johannes 3:16**

**SOAP: 1 Johannes 3:16**

Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### Miriam se Dapperheid

Miriam was Moses se suster. Die koning wou al die babaseuntjies laat doodmaak, maar Miriam was lief vir haar boetie. Toe haar ma hom in 'n mandjie in die rivier moes wegsteek, het Miriam hom 'n entjie daarvandaan dopgehou om seker te maak iemand kry hom. Toe Farao se dogter op Moses afkom, het sy haar nie deur vrees laat keer nie. Sy was dapper en het aangebied om Farao se dogter te help soek na iemand wat die baba kon voed. Miriam het so haar bababoetie se lewe gered! Jy kan net so dapper wees soos Miriam as jy God vertrou wanneer jy bang is.  Met God se hulp, hoe kan jy hierdie week dapper wees?

# DINSDAG - WEEK 2

## LEES

**Filippense 2:1–5**

Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2 maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. 5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

# DINSDAG - WEEK 2

**Lees: Filippense 2:1–5**

**SOAP: Filippense 2:4**

Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

*Gee om vir Ander*

As jy 'n jonger boetie of sussie het, onthou jy seker nog hoe een van die eerste woordjies wat hulle kon sê, "myne" was! Dis maklik om eerste by die roomyswinkel in die ry te spring en vir jou ouers te sê wat jy wil hê, sonder om daaraan te dink dat jou maats of gesinslede ook dalk 'n skep van die heerlike sjokolade roomys wil hê! Daarom herinner Paulus, die Nuwe Testamentiese skrywer, ons dat ons eers aan ander moet dink. Toe Miriam haar bababoetie beskerm het, was sy meer oor sy veiligheid bekommerd as oor haar eie veiligheid. 'n Maklike manier om dit te onthou, is om te dink aan die Engelse woord "JOY" vir blydskap: Jesus eerste, Ander ("Other") tweede; Ek ("Yourself") laaste. God se hart sal baie bly wees as jy kies om so te lewe!

# WOENSDAG - WEEK 2

## LEES

**Eksodus 2:8-10**

Die dogter van die farao het haar geantwoord: "Ja, goed!" Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep. 9 Toe beveel die farao se dogter die ma: "Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal." Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg. 10 Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, "want," het sy gesê, "ek het hom mos uit die water gehaal."

**Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie,
Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou,
Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.

# WOENSDAG - WEEK 2

**Lees: Eksodus 2:8–10; Jesaja 41:10**

**SOAP: Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie,
Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou,
Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### God se Plan om Moses te Red

God ken al die dae van ons lewens, en Hy het dit al geken nog voordat ons gebore is! Is dit nie ongelooflik dat God nog voordat baba Moses gebore is, al geweet het dat hy gered sou moes word nie? God ken ook al jou dae. Jy hoef nie bang te wees nie want Hy is heeltyd by jou. Hy belowe om jou te help en jou sterk te maak sodat jy kan opkom vir wat reg is en vir Hom lewe. Miskien is jy nie soos Moses in 'n mandjie nie, maar God het 'n plan om jou ook red. Ons is almal sondaars wat gered moet word en Jesus het self die prys betaal om jou te red!

(As jy meer wil weet oor hoe Jesus jou red, lees "Ken Hierdie Waarhede" op bladsy 7).

# DONDERDAG - WEEK 2

## LEES

**Psalm 91**

Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind
en die beskerming van die Almagtige geniet,
2 hy sê vir die Here:
"U is my toevlug en my veilige vesting,
my God op wie ek vertrou."
3 Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou
en jou bewaar van dodelike siekte.
4 Hy beskut jou onder sy vleuels
en is vir jou 'n veilige skuilplek.
Sy trou beskerm jou aan alle kante.
5 Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag
of vir aanvalle oordag,
6 vir pes wat in die donker toeslaan
of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie.
7 Al val daar duisende langs jou,
tienduisende by jou,
vir jou sal niks tref nie.
8 Met jou eie oë sal jy sien
hoe die goddelose gestraf word.
9 Omdat jy die Here as skuilplek geneem het,
die Allerhoogste as jou beskermer,
10 sal geen onheil jou tref
en geen plaag naby jou woonplek kom nie.
11 Hy sal sy engele opdrag gee
om jou te beskerm waar jy ook al gaan.
12 Op hulle hande sal hulle jou dra,
sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.
13 Jy sal oor leeus en adders loop,
leeus en slange sal jy doodtrap.
14 "Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red,"
sê die Here,
"omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm.
15 Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor;
in sy nood sal Ek by hom wees,
Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.
16 'n Baie lang lewe sal Ek hom gee
en oor my hulp sal hy hom verbly."

# DONDERDAG - WEEK 2

**Lees: Psalm 91**

**SOAP: Psalm 91:4**

Hy beskut jou onder sy vleuels
en is vir jou 'n veilige skuilplek.
Sy trou beskerm jou aan alle kante.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### God Beskerm Ons

Het jy geweet dat jou ma waarskynlik enigiets sal doen om jou veilig te hou? Voëls wil ook hulle babas teen seerkry beskerm, soos koue weer, siekte of ander diere wat hulle kan probeer seermaak. Vandag lees ons hoe God belowe om hulle wat op Hom vertrou, veilig te hou. Net soos 'n arend sy kleintjies met sy yslike vlerkspan beskerm, wil God jou nader trek en teen seerkry beskerm. So die volgende keer wanneer jy bang voel, vra God om jou te herinner aan hoe groot en sterk Hy is. Jy kan Hom vertrou om jou veilig te hou!

# VRYDAG - WEEK 2

LEES

**Psalm 139**

Vir die koorleier. Van Dawid. ‘n Psalm.
Here, U sien dwarsdeur my,
U ken my.
2 Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.
3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit,
U is met al my paaie goed bekend.
4 Daar is nog nie ‘n woord op my tong nie
of U, Here, weet wat dit gaan wees.
5 U omsluit my van alle kante,
U neem my in besit.
6 Dié wete oorweldig my,
dit is te hoog vir my begrip.
7 Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug?
Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?
8 Klim ek op na die hemel, is U daar,
gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
9 Vlieg ek na die ooste,
of gaan woon ek in die verre weste,
10 ook daar lei u hand my,
hou u regterhand my vas.
11 Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek,
of die lig rondom my om in nag te verander,
12 maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie
en die nag so lig soos die dag,
duisternis so goed soos lig.
13 U het my gevorm,
my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.
14 Ek wil U loof,
want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker:
15 geen been van my was vir U verborge

toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.
16 U het my al gesien toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.
17 Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God,
hoe magtig hulle almal!
18 As ek hulle sou wou opnoem –
hulle is meer as wat daar sand is,
en as ek daarmee klaar is,
sou ek nog steeds met U te doen hê.
19 As U tog maar die goddelose uit die weg wou ruim, o God!
Gaan weg van my af, julle moordenaars!
20 Dit is hulle wat bose planne teen U smee,
wat so vals teen U optree.
21 Moet ek u haters dan nie haat nie, Here,
moet ek nie ‘n weersin hê in mense wat teen U in opstand is nie?
22 Ek haat hulle met ‘n uiterste haat,
want hulle is ook my vyande.
23 Deurgrond my, o God, deurgrond my hart,
ondersoek my, sien tog my onrus raak.
24 Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie
en lei my op die beproefde pad!

# VRYDAG - WEEK 2

**Lees: Psalm 139**

**SOAP: Psalm 139:16**

U het my al gesien toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### God Sien Jou Altyd

Weet jy dat God jou sien oral waar jy is? Hy het jou gesien toe jy in jou ma se maag gegroei het voor jy nog gebore is. God sien wanneer jy gaan sit om te eet, wanneer jy skool toe gaan en wanneer jy gaan lê om te slaap. Jy kan probeer om wegkruipertjie met God te speel, maar Hy vind jou altyd! Hy weet van alles wat jy doen. Wanneer jy 'n fout maak, kan jy vir God sê. Hy weet reeds wat jy gedoen het en is gereed om jou te vergewe. Dit kan jou troos deur te weet dat jy nooit, ooit alleen is nie. God is altyd by jou en Hy het jou lief, maak nie saak wat nie!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

Hoef jy, volgens Jesaja 41:10, bang te wees? Wie sal jou help as jy bang is? Is daar iets waarvoor jy vandag bang is? Hoe kan God jou help?

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 3

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Filippense 1:6

**KARAKTER VAN GOD:**

God is ons helper.

**HOOFBOODSKAP:**

God gebruik omstandighede in ons lewens om ons voor te berei vir wat Hy vir ons toekoms beplan het. Hy het Dawid voorberei vir sy baie oorloë en Hy berei ons voor vir wat Hy vir ons lewens beplan het. Ons kan vertrou dat God altyd in ons lewens werk en Hy werk altyd vir ons beswil.

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Dawid

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Wanneer jy hulp nodig het, vra God om jou te help.

## GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

## WEEK 3

# EK IS VERAL OOK DAARVAN OORTUIG DAT GOD, WAT DIE GOEIE WERK IN JULLE BEGIN HET, DIT END-UIT SAL VOER EN DIT SAL VOLEINDIG OP DIE DAG WANNEER CHRISTUS JESUS KOM.

FILIPPENSE 1:6

# MAANDAG - WEEK 3

## LEES

**1 Samuel 17:34–37**

Toe sê Dawid vir Saul: "As ek die kleinvee vir my pa oppas, en daar kom 'n leeu of 'n beer en dra 'n lam weg uit die kudde, 35 gaan ek agter hom aan en slaan hom dood en red die lam uit sy bek; as hy op my afstorm, gryp ek hom aan sy baard en slaan hom dood. 36 Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan, en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word, want hy het die linies van die lewende God verkleineer." 37 Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn."

Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees."

# MAANDAG - WEEK 3

**Lees: 1 Samuel 17:34–37**

**SOAP: 1 Samuel 17:37**

Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Dawid se Opleiding

Dawid was een van Israel se grootste konings. Hy was nie perfek nie, maar Hy het op God se krag vertrou. Toe hy 'n seuntjie was, het hy vir sy familie se skape gesorg. Dit was nie altyd 'n maklike taak nie—soms het 'n leeu of 'n beer die skape aangeval! Aangesien dit Dawid se werk was om die kudde te beskerm, sou hy teen die groot sterk diere moes veg. Dawid het geweet dit is God wat hom gehelp het om sy vyande te verslaan en God sou hom help om die reus, Goliat, ook te verslaan! God was by Dawid selfs toe hy 'n seun was – en het hom opgelei vir dinge wat God vir hom beplan het om te doen wanneer hy ouer was. Vir watter take kan God jou nou reeds oplei?

# DINSDAG - WEEK 3

## LEES

**Josua 1:9**

Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

**Psalm 31:25**

Wees dus sterk en hou goeie moed,
julle almal wat julle vertroue in die Here stel.

# DINSDAG - WEEK 3

**Lees: Josua 1:9; Psalm 31:25**

**SOAP: Psalm 31:25**

Wees dus sterk en hou goeie moed,
julle almal wat julle vertroue in die Here stel.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Hou Moed

Soms dink ons krag is soos om swaar goed op te tel of iets baie ver te gooi. Maar die Bybel sê vir ons dat ons krag meer is as ons spiere. Ons ware krag kom van God. God is almagtig. Daar is niks op aarde wat sterker is as God nie en daar is niks wat Hy nie kan doen nie. God se krag help ons om ander lief te hê, ons ouers te gehoorsaam en te leer om meer soos Hy te wees. Wanneer Hy by ons is, dan is dit wanneer ons sterk is! Ons kan sterk en dapper wees, want God is altyd met ons in alles wat ons doen.

# WOENSDAG - WEEK 3

## LEES

**1 Samuel 17:38–51**

Saul het sy eie uitrusting vir Dawid laat aantrek: hy het 'n bronshelm op sy kop gesit en hom 'n harnas laat aantrek, 39 en Dawid het Saul se swaard bo-oor sy uitrusting vasgegord. Maar hy kon nie loop nie, want hy was dit nie gewoond nie.

Dawid sê toe vir Saul: "Ek kan nie hiermee loop nie, want ek is dit nie gewoond nie."

En Dawid het dit uitgetrek. 40 Hy het sy kierie in sy hand gevat, vyf gladde klippies in die spruit uitgesoek en dit by sy skaapwagtersgoed in sy slingersak gesit. En met sy slingervel in die hand het hy op die Filistyn af geloop. 41 Die Filistyn het al hoe nader gekom na Dawid toe, terwyl sy skilddraer voor hom was. 42 Toe hy vir Dawid sien, het die Filistyn hom met minagting aangekyk omdat hy jonk was, met 'n rooi gelaatskleur en 'n mooi voorkoms.

43 Die Filistyn het vir Dawid gesê: "Is ek 'n hond dat jy met kieries na my toe kom?"

Hy het Dawid toe in die naam van die Filistynse gode vervloek. 44 Verder het die Filistyn vir Dawid gesê: "Kom 'n bietjie hier dat ek jou vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere kan gee." 45 Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. 46 Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het. 47 Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee."

48 Toe die Filistyn regmaak en nader kom om Dawid te ontmoet, het Dawid die Filistyn vinnig op die vegterrein tegemoet gehardloop. 49 Toe steek Dawid sy hand in die sak, vat 'n klip daaruit, gooi met die slingervel, en tref die Filistyn teen die voorkop. Die klip het in sy voorkop ingedring, en hy het vooroor geval op die grond. 50 Met die slingervel en klip was Dawid sterker as die Filistyn en het hy hom verslaan en doodgemaak. Dawid het nie eens 'n swaard by hom gehad nie!

51 Toe het Dawid gehardloop, by die Filistyn gaan staan, sy swaard gevat, dit uit die skede getrek en hom van kant gemaak: hy het sy kop daarmee afgekap.

Die Filistyne het gesien dat hulle held dood is, en het gevlug.

# WOENSDAG - WEEK 3

**Lees: 1 Samuel 17:38–51**

**SOAP: 1 Samuel 17:45**

Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Dawid Veg Teen Goliat

Saul wou eerder vir Goliat met die krag van 'n leër verslaan as om op God te vertrou. Toe Dawid aanbied om die reus aan te val, het Saul van Dawid 'n soldaat probeer maak deur vir hom baie wapenrusting te gee. Dawid het geweet hy is nie sterk genoeg om Goliat te verslaan nie. Dawid het ook geweet dat Hy met God se krag kon oorwin. Vir hom was dit nie 'n geveg tussen Dawid en Goliat nie; hy het dit gesien as God teen Goliat. Daarom het Dawid nie wapenrusting, wapens of krag nodig gehad nie. Dit was God wat deur Dawid se gewilligheid en gehoorsaamheid vir Goliat verslaan het. As God vir Dawid kon gebruik om 'n reusetaak te verrig, kan Hy jou ook gebruik! Net soos Dawid vir God vertrou het om hom te help om Goliat te verslaan, kan jy God met jou hele hart vertrou, maak nie saak wat jy moet trotseer nie.

# DONDERDAG - WEEK 3

## LEES

**Psalm 27:14**

Vertrou op die Here!
Wees sterk en hou goeie moed!
Ja, vertrou op die Here!

**Jesaja 40:31**

maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke,
hulle hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie afgemat nie.

# DONDERDAG - WEEK 3

**Lees: Psalm 27:14; Jesaja 40:31**

**SOAP: Jesaja 40:31**

maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag.
Hulle vlieg met arendsvlerke,
hulle hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie afgemat nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### God Berei Ons Voor

Die Ysterman Driekamp is 'n wedloop vir die wêreld se sterkste atlete. Hulle moet baie ver swem, fietsry en hardloop! Dit neem hulle gewoonlik tussen 10 en 17 uur om klaar te maak. Na die resies is almal stokflou. In Jesaja lees ons dat almal (tot kinders!) soms moeg raak. Maar het jy geweet as jy op die Here vertrou, dan gee Hy vir jou sy krag? Ons verruil ons moegheid vir sy energie. In God se krag kan ons vir Hom lewe en nie moeg word nie. Hy gee vir ons die krag wat ons nodig het vir wat ons ook al moet trotseer. Net soos 'n driekampatleet kan ons voorberei vir ons wedloop en God vertrou om vir ons die krag te gee. God sal jou voorberei vir presies wat Hy vir jou lewe beplan het en Hy sal jou die krag gee om dit te doen.

# VRYDAG - WEEK 3

## LEES

**Filippense 1:6**

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

# VRYDAG - WEEK 3

**Lees: Filippense 1:6**

**SOAP: Filippense 1:6**

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

*God se Werk in Jou*

Het jy al ooit iets van klei gemaak? Jy kies jou klei, en dan vorm jy dit in een of ander vorm. Daarna wag jy vir die klei om droog te word, en dan bak jy dit om hard te word. Daar is ook 'n proses wat in jou begin wanneer jy in Jesus begin glo. Hy vergewe jou sondes en maak jou verhouding met God die Vader reg. Ons hele lewe deur, deur swaarkrytye en uitdagings, is Hy besig om jou meer soos Jesus te maak. Wanneer jy eendag in die hemel kom, gaan jy vir Jesus sien en nuut gemaak word. Is dit nie goeie nuus dat God aanhou met die werk wat Hy in jou begin het, tot die dag wat jy vir Jesus ontmoet nie? Hy sal nooit opgee met jou nie!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

Filippense 1:6 sê vir ons dat God altyd in ons lewens werk. Hou God ooit op om in jou lewe te werk? Is God nou besig om in jou lewe te werk? Hoe help Hy jou om meer soos Hy te wees?

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 4

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Efesiërs 6:13

**KARAKTER VAN GOD:**

God is waarheid

**HOOFBOODSKAP:**

God wil hê dat ons aan Hom gehoorsaam moet wees en dat ons sal opstaan vir wat waar is. Hy sal ons help wanneer om moet opstaan vir wat reg is en Hy sal met ons wees, maak nie saak wat gebeur nie.

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Staan op vir wat reg is.

## GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 4

# TREK DAAROM DIE VOLLE WAPENRUSTING AAN WAT GOD JULLE GEE, SODAT JULLE WEERSTAND KAN BIED IN DIE DAG VAN ONHEIL EN, NADAT JULLE DIE STRYD TOT DIE EINDE TOE GEVOER HET, NOG OP JULLE POS KAN BLY STAAN.

EFESIËRS 6:13

# MAANDAG - WEEK 4

## LEES

**Daniël 1:8–17**

Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie. 9 God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël. 10 Maar hy het vir Daniël gesê: "Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal wat julle moet eet en drink en as hy sien julle voorkoms is nie so goed soos dié van die ander jongmanne van julle ouderdom nie, is ek oor julle in die moeilikheid by hom."

11 Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur die hoofpaleisbeampte aangestel is om toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael en Asarja: 12 "Maak asseblief tien dae lank 'n proefneming met ons en laat hulle vir ons net groente gee om te eet en water om te drink. 13 Vergelyk dan ons voorkoms met dié van die jongmanne wat van die koning se kos eet, en handel dan met ons na bevind van sake."

14 Die amptenaar het toe hulle versoek toegestaan en tien dae lank 'n proefneming met hulle gemaak.

15 Ná tien dae het hulle mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne wat van die koning se kos geëet het. 16 Toe het die amptenaar die koning se kos en wyn vir goed van hulle af weggehou en vir hulle net groente gegee.

17 God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitlê.

# MAANDAG - WEEK 4

**Lees: Daniël 1:8–17**

**SOAP: Daniël 1:8**

Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### Daniël se Geloof in God

Daniël was 'n tiener toe hy na Babilon toe geneem is. Die koning van Babilon het Jerusalem verslaan en die gevangenes na sy stad geneem. Daniël was een van hulle. Hy was jonk en daarom wou hulle hom leer om hulle taal te praat en dinge soos die Babiloniërs te doen. Later sou hy vir die koning gaan werk. Maar Daniël wou hê God moes tevrede wees met sy lewe, en as hy van die kos eet wat van die koning se tafel kom, sou hy God nie eer nie (want dit was vir valse gode geoffer). In plaas daarvan om te maak soos al die ander, het Daniël opgekom vir wat hy geweet het reg is en God vertrou om sake te laat uitwerk. God het sy gehoorsaamheid en geloof geseën. Hoe kan jy hierdie week opkom vir wat reg is?

# DINSDAG - WEEK 4

## LEES

**2 Timoteus 2:22**

Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.

# DINSDAG - WEEK 4

**Lees: 2 Timoteus 2:22**

**SOAP: 2 Timoteus 2:22**

Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Volg God se Weë

As ons op 'n skattejag wil gaan, help dit om 'n vriend saam te neem wat 'n kaart het en 'n ander een wat 'n graaf het. Die vriende wat ons kies, kan ons óf help óf ons op ons reis seermaak. Dit is dieselfde as ons soeke na geestelike skatte. Paulus het vir Timoteus gesê om regverdigheid, getrouheid, liefde en vrede na te streef saam met ander mense wat die Here liefhet. As ons ons met wyse mense omring, word ons wys. Maar as ons vriende is met dwase mense, sal ons onsself seermaak (Spreuke 13:20). Hoe kan jy hierdie week doen wat reg is? Wie kan jou help om God met jou lewe te volg?

# WOENSDAG - WEEK 4

## LEES

**Daniël 3:1–23**

Koning Nebukadnesar het 'n goue beeld laat maak,
dertig meter hoog en drie meter breed, en dit laat oprig
in die Duradal in die provinsie Babel. 2 Toe het hy opdrag
gegee dat al sy amptenare, die goewerneurs-generaal,
die goewerneurs, die administrateurs, die raadgewers,
die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die
hoofamptenare van die provinsie, bymekaar moes kom vir
die wyding van die beeld wat die koning laat oprig het. 3
So het al die hoë amptenare, die goewerneurs-generaal,
die goewerneurs, die administrateurs, die raadgewers,
die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die
hoofamptenare van die provinsie, bymekaargekom vir
die wyding van die beeld wat koning Nebukadnesar laat
oprig het en hulle het voor die beeld gaan staan.

4 'n Aankondiger het hard geroep: "Alle volke, nasies en
taalgroepe, julle word beveel: 5 Wanneer julle die geluid
hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of
musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld
wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid. 6
Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n
brandende oond gegooi word." 7 Daarom het al die volke,
nasies en taalgroepe, sodra hulle die geluid van trompet,
fluit, siter, lier, harp of enige ander musiekinstrument hoor,
voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig
het, gebuig en dit aanbid.

8 Dit was toe dat sekere Galdeërs die Jode gaan verkla
het. 9 Hulle het vir koning Nebukadnesar gesê: "Mag die
koning baie lank lewe! 10 U het 'n bevel uitgevaardig

dat enigiemand wat die geluid hoor van trompet, fluit,
siter, lier, harp, ‘n ander blaas- of musiekinstrument, voor
die goue beeld moet buig en dit moet aanbid. 11 Wie
nie buig en die beeld aanbid nie, moet in ‘n brandende
oond gegooi word. 12 Maar, U Majesteit, nou is daar Jode,
Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die
administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat
hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie,
hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie.”

13 Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag,
Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die
koning gebring, 14 en Nebukadnesar het vir hulle gesê: “Is
dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god
nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie
aanbid nie? 15 Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid
is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid
hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, ‘n ander blaas- of
musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal
julle dadelik in ‘n brandende oond gegooi word, en watter
god sal julle uit my mag kan red?” 16 Sadrag, Mesag en
Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: “Ons
hoef u nie hierop te antwoord nie. 17 Ons het ons God
vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die
brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. 18 Selfs
as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie
sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal
aanbid nie.”

19 Toe het Nebukadnesar wit geword van woede vir Sadrag,
Mesag en Abednego en opdrag gegee dat die oond
sewe maal warmer gemaak moet word as gewoonlik. 20
Daarna het hy van die sterkste manne in sy lyfwag beveel
om vir Sadrag, Mesag en Abednego vas te bind en hulle
in die brandende oond te gooi. 21 Hulle is toe vasgebind
en sommer met hulle hemde, broeke en kopdoeke, met
al hulle klere, in die brandende oond gegooi. 22 Omdat
die koning se opdrag so streng was, was die oond so
verskriklik warm dat die manne wat vir Sadrag, Mesag en
Abednego moes ingooi, deur die vlamme doodgebrand
is. 23 Maar die drie manne, Sadrag, Mesag en Abednego,
het vasgebind binne-in die brandende oond geval.

# WOENSDAG - WEEK 4

**Lees: Daniël 3:1–23**

**SOAP: Daniël 3:17–18**

Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Daniël se Vriende Staan vir Waarheid

Daniël se vriende het 'n baie groot probleem gehad. Die koning wou hê dat hulle iets moes doen wat hulle geweet het ongehoorsaam was aan God. Die koning wou hê dat almal die goue standbeeld wat hy gemaak het, moes aanbid (dit was so hoog soos 'n gebou van tien verdiepings!). Die koning het die Jode toegelaat om hulle eie God te aanbid, maar hy wou ook hê dat hulle sy gode moet aanbid. Toe hulle nie ander gode wou aanbid nie, het die koning baie kwaad geword. Maar Daniël se vriende het geweet dat God magtiger was as die koning en dat Hy hulle van straf kon red. Hulle het ook geweet dat - selfs al het God hulle nie gered nie - Hy was die een, ware God. Om op te staan vir jou geloof kan jou iets kos, maar God is altyd met jou, maak nie saak wat nie.

# DONDERDAG - WEEK 4

## LEES

**Daniël 3:24—4:3**

Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: "Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie?"

En hulle sê vir hom: "Dit is so, U Majesteit!" 25 Hy sê toe: "Maar ek sien dan vier
manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n
hemelwese!" 26 Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe
gekom en geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste
God, kom uit hierheen!"

En Sadrag, Mesag en Abednego het uit die oond uitgekom.

27 Toe die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs en die raadgewers van die koning nader kom, sien hulle aan die manne dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie.

28 Toe sê Nebukadnesar: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die
eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle
God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle
lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te dien of te aanbid.
29 Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of
taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en
Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet
word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."

30 Die koning het toe gesorg dat dit voorspoedig gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel.

1 "Koning Nebukadnesar aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld woon: Voorspoed!

2 "Ek betuig met blydskap dat ek die tekens en wonders wat die allerhoogste God gedoen het, kon belewe.

3 "Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders!
Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk,
sy heerskappy duur van geslag tot geslag.

# DONDERDAG - WEEK 4

**Lees: Daniël 3:24–4:3**

**SOAP: Daniël 4:3**

"Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders!
Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk,
sy heerskappy duur van geslag tot geslag.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

*God Doen die Onmoontlike*

Wat in die vuuroond gebeur het, was bonatuurlik! As jy al ooit by 'n kampvuur was, weet jy dat goed wat in 'n vuur gegooi word, verbrand word. Koning Nebukadnesar het die oond wat Daniël en sy vriende in gegooi is, sewe keer warmer as normaal verhit. Alhoewel die situasie onmoontlik gelyk het, was dit 'n geleentheid vir God om te wys hoe wonderlik Hy is! Soms is daar mense in ons lewens wat onmoontlik voel. Onmoontlik om mee oor die weg te kom, onmoontlik om lief te hê, onmoontlik vir God om te red. Maar met God is niks onmoontlik nie. Hy is groot, magtig, ewig en almagtig! Hy kan regtig enigiets doen. Bid en vra Hom om te doen wat vir jou onmoontlik lyk!

# VRYDAG - WEEK 4

## LEES

**Efesiërs 6:10–18**

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in
sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan
wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly
ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons
stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke
mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie
sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13
Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag
van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde
toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14
Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as
gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as
borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie
van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16
Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand
hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die
Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat
die swaard van die Gees, dit is die woord van God.
18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke
geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid
gedurig vir al die gelowiges.

# VRYDAG - WEEK 4

**Lees: Efesiërs 6:10–18**

**SOAP: Efesiërs 6:13**

Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Staan Vas

Die wapenrusting van God is 'n simbool van God se beskerming oor ons. Almal in die Romeinse Ryk het geweet hoe soldate gelyk en wat hulle gedra het. Paulus praat oor die spesiale skoene wat Romeinse soldate gedra het, sandale met skerp, dik spykers op die sole om hulle 'n beter houvas te gee, baie dieselfde as die spesiale ysklampe wat bergstappers dra sodat hulle nie op die ys gly nie. Die dra van behoorlike skoene het die soldate gehelp om vas te staan teen hulle vyande. Wanneer ons die wapenrusting van God aantrek, kan ons vas staan vir wat reg is. Moet dus nie vergeet om jou gordel (waarheid), borsplaat (geregtigheid), sterk skoene (vrede), skild (geloof), helm (redding) en swaard (Bybel) aan te trek sodat jy vas kan staan teen die magte van duisternis en sonde en opkom vir wat reg is.

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

Wat is sommige van die stukke van die wapenrusting van God? (Wenk: lees Efesiërs 6:10–18). Hoe beskerm God se waarheid jou?

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 5

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

Matteus 5:16

**KARAKTER VAN GOD:**

God is liefde.

**HOOFBOODSKAP:**

God het elkeen van ons invloed gegee en Hy wil hê dat ons ons geloof met ander mense sal deel. Hy will ook hê dat ons vir ander mense sy liefde sal wys deur ons aksies, ons gehoorsaamheid aan ons ouers en deur getrou te wees met wat Hy vir ons gegee het.

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Samuel en die diensmeisie van Naäman

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Wys God se liefde aan ander deur hulle te help of met hulle te deel.

## GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 5

# LAAT JULLE LIG SO VOOR DIE MENSE SKYN, DAT HULLE JULLE GOEIE WERKE KAN SIEN EN JULLE VADER WAT IN DIE HEMEL IS, VERHEERLIK.

MATTEUS 5:16

# MAANDAG - WEEK 5

## LEES

**1 Samuel 3**

Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie. 2 Eli se oë het al swak begin word, hy kon nie meer goed sien nie. Vroeg een môre het Eli nog op sy slaapplek gelê, 3 en die lamp van God het nog helder gebrand. Samuel het ook nog gelê in die tempel van die Here waar die ark van God was, 4 en toe roep die Here na Samuel.

Samuel het geantwoord: "Ek kom!"

5 Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."

Maar Eli sê: "Ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer."

En Samuel het gaan lê.

6 Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."

Toe sê Eli: "My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer."

7 Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie. 8 Die Here het Samuel toe 'n derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep."

Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, 9 en Eli sê vir Samuel: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!"

Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê.

10 Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!"

En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!"

11 Die Here sê toe vir Samuel: "Ek gaan 'n ding in Israel doen wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat tuit. 12 Op daardie dag sal Ek vir Eli alles voltrek wat Ek oor sy familie aangekondig het, van begin tot end. 13 Ek het aan hom bekend gemaak dat Ek sy familie vir altyd gaan straf oor die ongeregtigheid waarvan hy geweet het. Ja, toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het, het hy hulle nie bestraf nie. 14 Daarom bevestig Ek met 'n eed aangaande die familie van Eli: die ongeregtigheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie."

15 Daarna het Samuel gaan lê tot die oggend, en toe die deure van die huis van die Here oopgemaak. Hy was bang om die openbaring aan Eli te gaan vertel. 16 Maar Eli het vir Samuel geroep en gesê: "Samuel, my seun!"

Hy het gesê: "Ek kom!"

17 Eli sê toe: "Wat het die Here met jou gepraat? Moenie iets vir my wegsteek nie. God sal jou met die dood straf as jy iets van wat Hy aan jou bekend gemaak het, vir my wegsteek."

18 Toe vertel Samuel hom alles; hy het niks weggesteek nie.

En Eli het gesê: "Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil."

19 Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onvervul gelaat nie. 20 Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here. 21 Die Here het toe weer in Silo verskyn, want Hy het Hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur die woord van die Here.

# MAANDAG - WEEK 5

**Lees: 1 Samuel 3**

**SOAP: 1 Samuel 3:10**

Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: "Samuel, Samuel!" En Samuel sê: "Praat, Here, u dienaar luister!"

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### God Praat met Samuel

Gedurende die tyd in die geskiedenis toe Samuel geleef het, het nie baie mense van God geweet nie. Die nasie Israel het begin sondig en in rebellie gelewe, so God het nie met hulle gepraat nie. Selfs Eli, die priester wat in die tabernakel gedien het, het begin sondig. Samuel was seker 11 of 12 jaar oud toe dit gebeur het. Hy het in die tabernakel gedien omdat sy ma hom aan God opgedra het. Samuel het nog nie die Here geken nie, maar God het hardop met hom gepraat. God het 'n spesiale boodskap aan Samuel gegee en vir hom gesê wat Hy gaan doen. Al was Samuel jonk, het God duidelik met hom gepraat. Sy ouderdom het nie saak gemaak nie, net sy gewilligheid om te doen wat God gevra het. God kan ook met jou praat. En wanneer Hy dit doen, wees gereed om te doen wat Hy vra!

# DINSDAG - WEEK 5

## LEES

**Matteus 25:14–28**

"Verder gaan dit soos met 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaargeroep en sy besittings aan hulle toevertrou. 15 Vir een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander twee, en vir 'n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan. 16 "Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, het dadelik daarmee gaan werk en 'n wins gemaak van nog vyf. 17 So ook die een wat twee gekry het: hy het 'n wins gemaak van nog twee. 18 Maar die slaaf wat een gekry het, het 'n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek.

19 "Na 'n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en van hulle rekenskap gevra. 20 Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en bring die ander vyf saam, en sê: 'Meneer, vyf goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het.' 21 Toe sê sy eienaar vir hom: 'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!'

22 "Toe kom die een met die twee goue muntstukke en sê: 'Meneer, twee goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins gemaak het.' 23 Sy eienaar sê toe vir hom: 'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!'

24 "Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: 'Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie. 25 Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier het u u geld terug.' 26 Toe sê sy eienaar vir hom: 'Jy is 'n slegte en 'n lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie. 27 Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by my koms met rente teruggekry het. 28 Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het.

# DINSDAG - WEEK 5

**Lees: Matteus 25:14–28**

**SOAP: Matteus 25:23**

Sy eienaar sê toe vir hom: 'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!'

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Getrou met God se Gawes

Jesus het 'n gelykenis vertel van 'n meester wat geld (talente) aan drie van sy slawe gegee het. Een 'talent' was gelyk aan hoeveel 'n persoon betaal sou word vir 16 jaar se werk. Die meester was bly omdat twee van sy slawe getrou was met wat hy aan hulle gegee het, en hulle het selfs meer geld gemaak. Die meester was hartseer dat die laaste slaaf niks met die geld gedoen het nie. Hy het hom boos en lui genoem omdat hy nie verantwoordelik was nie. Miskien het jy nie baie geld nie, maar God het vir jou tyd, talent en skatte gegee. Hy wil hê jy moet verantwoordelik optree met die hulpbronne wat Hy jou gegee het. Hy wil hê jy moet hulle gebruik vir sy koninkryk en sy heerlikheid! Deur dit te doen, sal jy ook groot vreugde ervaar!

# WOENSDAG - WEEK 5

## LEES

**2 Konings 5:1–14**

Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was ‘n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here ‘n oorwinning aan Aram besorg. Die man was ‘n dapper soldaat, maar hy het melaats geword. 2 Op een van hulle strooptogte het die Arameërs ‘n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het. 3 Sy het vir die vrou gesê: “Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak.”

4 Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het. 5 “Gaan gerus,” het die koning van Aram gesê, “ek stuur jou met ‘n brief na die koning van Israel toe.” Hy het vertrek en drie honderd twee en veertig kilogram silwer, ag en sestig kilogram goud en tien stelle klere met hom saamgevat. 6 Hy het die brief na die koning van Israel toe gebring. Dit het só gelui: “Ek het my dienaar Naäman met hierdie brief na jou toe gestuur. Wanneer hy by jou uitkom, moet jy hom van sy melaatsheid gesond maak.” 7 Toe die koning die brief gelees het, het hy sy klere geskeur en gesê: “Is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee dat hierdie man iemand na my toe stuur om hom van sy melaatsheid gesond te maak? Dit moet vir julle duidelik wees hy soek net skoor met my.”

8 Elisa die man van God het te hore gekom dat die koning van Israel sy klere geskeur het en het ‘n boodskap aan die koning gestuur: “Hoekom het u u klere geskeur? Laat Naäman na my toe kom, sodat hy kan besef dat daar ‘n profeet in Israel is.” 9 Toe Naäman met sy wa en perde daar aankom, het hy stilgehou voor die deur van Elisa se huis. 10 Elisa het ‘n boodskap na hom toe gestuur: “Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees.”

11 Naäman het vererg weggery en gesê: “Ek het darem gedink hy sou uitkom en gaan staan, die Naam van die Here sy God aanroep, dan sy hand heen en weer oor die plek beweeg en so die melaatsheid wegneem. 12 Is die riviere van Damaskus, die Abana en die Parpar, nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie daarin was om rein te word nie?” So het hy woedend daarvandaan teruggery. 13 Sy amptenare het by hom gekom en mooi met hom gepraat: “Meneer, as die profeet iets moeiliks van u verwag het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer nou dat hy eenvoudig vir u gesê het: Was jou en jy sal rein wees?” 14 Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos dié van ‘n klein seuntjie en hy was weer rein.

**Psalm 66:16**

Kom luister, alle dienaars van God,
ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het:

# WOENSDAG - WEEK 5

**Lees: 2 Konings 5:1–14; Psalm 66:16**

**SOAP: Psalm 66:16**

Kom luister, alle dienaars van God,
ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het:

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### Naäman se Diensmeisie se Invloed

Naäman was die bevelvoerder van die koning se leër in Sirië. Baie mense het hom gerespekteer, maar hy het 'n probleem gehad. Hy het 'n erge siekte op sy vel gehad. Daar was 'n Joodse meisie wat 'n dienaar van Naäman se vrou was. Sy was nie bekend of gerespekteer nie. Sy het dalk nie baie geweet nie, maar sy het die krag van God deur die profeet Elisa gesien. Sy het geweet dat God enigiets kan doen, selfs Naäman se siekte kan laat verdwyn, so sy was dapper en het hom vertel. God het daardie meisie se dapperheid gebruik om 'n hele land, Sirië, te wys hoe groot Hy is!

# DONDERDAG - WEEK 5

## LEES

**Psalm 71:16–17**

Ek kom om u magtige dade te prys, Here my God,
die verlossingswerk wat net U kan doen.
17 U het my van jongs af onderrig, o God,
en ek getuig nou nog van u kragtige dade.

**Matteus 5:16**

Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

# DONDERDAG - WEEK 5

**Lees: Psalm 71:16–17; Matteus 5:16**

**SOAP: Matteus 5:16**

Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Deel jou Geloof

Het jy geweet dat jy nooit te jonk is om vir mense van Jesus te vertel nie? In die Psalms sien ons dat ons mense kan vertel van al die groot en ongelooflike dinge wat God in ons lewens gedoen het. In die Nuwe Testament sê Jesus vir ons dat ons ander kan wys dat ons in God glo deur hoe ons lewe. Die beste manier is om beide vir mense te vertel wat God gedoen het en om mense God se liefde te wys deur hulle ook lief te hê. Vir watter vriend kan jy vandag bid? Bid dat God jou sal help om hulle van die goedheid van God te vertel en dat Hy vir jou maniere sal gee om hierdie week vir hulle sy goedhartigheid te wys!

# VRYDAG - WEEK 5

## LEES

**Efesiërs 6:1–3**

Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 2 "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 3 "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."

# VRYDAG - WEEK 5

**Lees: Efesiërs 6:1–3**

**SOAP: Efesiërs 6:1**

Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Gehoorsaam jou Ouers en God

Het jy al ooit gewonder hoekom jy jou ouers moet gehoorsaam? Ons vind die antwoord in Paulus se brief aan die kerk in Efese. Die rede is omdat God sê ons moet: dit is wat reg is. Partykeer wil ons almal net ons eie ding doen, soos om wakker te bly nadat ons al moes gaan slaap het, vir nog 'n uur videospeletjies speel of ons speelgoed op die vloer los. Maar God het vir jou ouers wysheid en die verantwoordelikheid gegee om jou te help om sterk, wys en verantwoordelik groot te word. Jy kan jou ouers se werk vir hulle vreugdevol maak as jy hulle met 'n blye hart gehoorsaam, selfs wanneer jy nie lus voel om dit te doen nie. Onthou, wanneer jy jou ouers gehoorsaam, maak dit God se hart bly!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

God wil hê dat ons 'n voorbeeld van sy liefde moet wees. Wanneer jy ander liefhet deur goeie dade, kan jy hulle die karakter van God wys. Wat kan jy vandag doen om ander God se liefde te wys?

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 6

## GIDS VIR OUERS

**MEMORISEERVERS:**

1 Timoteus 4:12

**KARAKTER VAN GOD:**

God gee wysheid.

**HOOFBOODSKAP:**

Alle Christene, ongeag van hoe oud hulle is, kan 'n voorbeeld stel vir ander gelowiges. God wil hê dat ons getrou moet wees met ons woorde en aksies, sodat ons 'n voorbeeld aan die mense rondom ons kan wees van hoe om vir Hom te leef

**HIERDIE WEEK SE KINDERS VAN DIE BYBEL:**

Josia en Timoteus

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Wees aan ander 'n voorbeeld van wat reg is.

## GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

WEEK 6

# NIEMAND MAG OP JOU NEERSIEN OMDAT JY JONK IS NIE, MAAR WEES JY VIR DIE GELOWIGES 'N VOORBEELD IN WOORD EN GEDRAG, IN LIEFDE, GELOOF EN REINHEID.

1 TIMOTEUS 4:12

# MAANDAG - WEEK 6

## LEES

**2 Konings 22:1–2**

Josia was ag jaar toe hy koning geword het, en hy het een en dertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jedida, 'n dogter van Adaja uit Boskat. 2 Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.

**2 Konings 23:19–25**

Josia het verder al die heiligdomme wat deur die konings van Israel op die hoogtes by die stede van Samaria gebou is om die Here uit te tart, laat opruim. Hy het met hulle gemaak soos hy in Bet-El gedoen het. 20 Al die priesters wat daar op die hoogtes diens gedoen het, het hy op die altare laat slag en mensbene op die altare laat verbrand. Daarna is hy terug Jerusalem toe.

21 Daarna het die koning die volk beveel: "Vier die paasfees tot eer van die Here julle God soos dit voorgeskryf is in hierdie boek van die verbond." 22 'n Paasfees soos hierdie is nie gevier van die tyd van die leiers af wat oor Israel geregeer het nie, ook nie tydens die regering van die konings van Israel en Juda nie. 23 Hierdie paasfees tot eer van die Here is in die agtiende regeringsjaar van koning Josia in Jerusalem gevier.

24 Josia het ook die dodebesweerders en die waarsêers, die afgodsbeelde, al die stinkende en veragtelike afgode wat in Juda en Jerusalem te sien was, uitgeroei. So het hy voldoen aan die eise van die wet soos dit opgeteken was in die boek wat die priester Gilkija in die huis van die Here gekry het. 25 Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie.

# MAANDAG - WEEK 6

**Lees: 2 Konings 22:1–2; 23:19–25**

**SOAP: 2 Konings 22:2**

Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

Josia se Leierskap

Kan jy jou indink om koning te word as jy 8 jaar oud is? Dit is wat met Josia gebeur het! Sy pa is dood toe hy 8 jaar oud was, en daarom het hy koning van Juda geword. Josia het God gevra vir wysheid en hy het in koning Dawid se voetspore gevolg. Al wat ons moet doen wanneer ons wysheid benodig, is om God te vra daarvoor. God gee graag wysheid vir die mense wat vra vir dit (Jakobus 1:5). Is dit nie goeie nuus nie? Omdat God vir hom wysheid gegee het, het Josia een van Juda se beste konings geword. Hy het God met sy hele hart, siel en lewe gevolg. Ons kan ook 'n voorbeeld wees vir ander mense as ons God vra vir wysheid en Hom met ons hart, siel en lewe volg!

# DINSDAG - WEEK 6

## LEES

**Psalm 86:11**

Leer my u pad, Here,
ek wil wandel in u waarheid;
leer my U met toewyding dien.

**2 Timoteus 3:16–17**

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

# DINSDAG - WEEK 6

**Lees: Psalm 86:11; 2 Timoteus 3:16–17**

**SOAP: 2 Timoteus 3:16**

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

### Volg die Woord van God

Het jy geweet dat die Bybel God se Woord is? Daar is een ding wat die Bybel anders maak as enige ander boek wat nog ooit geskryf is. Weet jy wat dit is? God se Woord sal vir ewig bestaan! God se Woord is ewig en dit is waardevol. Dit het groot waarde om ons te leer, die verskil tussen reg en verkeerd te wys, vir ons te sê waar ons verkeerd doen en ons te help om meer soos Jesus te wees. As jy God se Woord volg, sal Hy jou leer hoe Hy wil hê jy moet leef en hoe die lewe die beste werk!

# WOENSDAG - WEEK 6

## LEES

**1 Korintiërs 4:17**

Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue seun in die Here, na julle toe gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus Jesus, waarin ek ook oral in elke gemeente onderrig gee.

**2 Timoteus 1:3—8**

Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. 4 Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees. 5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

6 Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. 7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.8 Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.

# WOENSDAG - WEEK 6

**Lees: 1 Korintiërs 4:17; 2 Timoteus 1:3–8**

**SOAP: 2 Timoteus 1:7**

Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:



## DAGSTUKKIE

### Timoteus se Getrouheid

Timoteus het by sy ma en ouma grootgeword en hulle het albei in Jesus geglo. God hou daarvan as mense Hom ken en liefhet en hulle kinders en kleinkinders vertel van sy grootheid, vriendelikheid en al die wonderlike dinge wat Hy gedoen het. Timoteus se familie het hom van God geleer en Timoteus was getrou om sy geloof sy eie te maak. Hy het in Jesus geglo en meer oor Hom by Paulus en ander geleer. Timoteus het God gevolg deur selfbeheersd te bly en om deur die krag en liefde van die Heilige Gees te lewe. Timoteus was getrou om ander te leer wat hy oor God geleer het en God het hom gebruik om ander aan te moedig. Selfs nou kan jy Timoteus se voorbeeld van getrouheid volg en God liefhê met jou hele hart en lewe.

# DONDERDAG - WEEK 6

## LEES

**1 Timoteus 1:18–19**

Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry. 19 Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely.

**2 Timoteus 2:1–2**

Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het. 2 Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

**2 Timoteus 4:1–5**

Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: 2 verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, 3 want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. 4 Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. 5 Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.

# DONDERDAG - WEEK 6

**Lees: 1 Timoteus 1:18–19; 2 Timoteus 2:1–2, 4:1–5**

**SOAP: 2 Timoteus 4:5**

Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DAGSTUKKIE

*Vertrou met Leierskap*

Timoteus het baie tyd saam met Paulus op sy sendingsreise deurgebring. Paulus het instruksies vir Timoteus geskryf, maar hy het hom ook deur sy voorbeeld gewys hoe om te lewe, ander mense lief te hê en te lei. Toe Paulus hierdie instruksies aan Timoteus geskryf het, was Paulus onder huisarres in Rome. Hy het nie geweet hoe lank hy nog sou hê nie en hy wou vir Timoteus leer wat hy geweet het. Paulus het Timoteus met leierskap toevertrou en hom vertrou om ander te leer, baie soos hardlopers in 'n afloswedloop die aflosstokkie aan die volgende hardloper oorgee. Paulus wou hê dat Timoteus nie net goed moes lei nie, maar dat hy die stok van geloof en getroue leierskap aan die volgende geslag moes oordra.

# VRYDAG - WEEK 6

## LEES

**1 Timoteus 4:11–16**

Hierdie dinge moet jy die mense beveel en leer.
12 Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is
nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in
woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid. 13
Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die
Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee. 14
Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos
nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die
raad van ouderlinge jou die hande opgelê het. 15
Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal
jou vordering kan sien. 16 Let goed op jou lewe en
jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy
jouself red sowel as dié wat na jou luister.

# VRYDAG - WEEK 6

**Lees: 1 Timoteus 4:11–16**

**SOAP: 1 Timoteus 4:12**

Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

## DAGSTUKKIE

*Spraak, Gedrag, Liefde, Getrouheid en Reinheid*

Mense hou jou altyd dop. Of jy nou 'n wêreldleier of 'n student is, mense kyk of dit wat jy sê en wat jy doen, ooreenstem. Timoteus was 'n jong leier en Paulus het hom aangemoedig om nie toe te laat dat iemand op hom neersien as gevolg van sy ouderdom nie. Hy het vir Timoteus gesê dat hy 'n voorbeeld vir ander Christene kan wees in die manier waarop hy gepraat het, opgetree het, ander liefgehad het en die manier waarop hy getrou aan God was. Paulus was seker dat niemand in die kerk sy woorde sou ignoreer as sy lewe 'n goeie voorbeeld was van om vir God te leef nie. Dit kan ook waar wees oor jou. Jy kan God eer deur 'n voorbeeld te wees vir ander, beide kinders en volwassenes, in hoe jy praat, optree, ander liefhet en heeltemal aan God toegewy is!

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

Alle Christene, ongeag ouderdom, kan 'n voorbeeld stel vir ander gelowiges. Hoe kan jy 'n voorbeeld vir ander wees deur wat jy sê? Hoe kan jy 'n voorbeeld vir ander wees deur wat jy doen?

EK IS DANKBAAR VIR: